13/71

G.P.-S. A.D. [illegible] J. 445.

# In the Supreme Court of South Africa
# In die Hooggeregshof van Suid-Afrika

(Appeal DIVISION).
AFDELING).

**APPEAL IN CRIMINAL CASE.**
**APPÈL IN STRAFSAAK.**

MARTHA SIBANYONI

**Appellant.**

*versus/teen*

DIE STAAT

**Respondent.**

*Appellant's Attorney / Prokureur van Appellant* [illegible] *Respondent's Attorney / Prokureur van Respondent* P.G.(Pta.)

*Appellant's Advocate / Advokaat van Appellant* J.L. v.d. Merwe *Respondent's Advocate / Advokaat van Respondent* S.J. Renke

*Set down for hearing on / Op die rol geplaas vir verhoor op* 3 - 4 - 1971
2 . 6 . 7 .

(T.P.A.)

Rumpff, A.R., Jansen, A.R., Trollip, A.R.

9.45 - 10.20 vm.
10.20 - 10.40 vm.

C.A.V.

Vonnis 13.9.71 per Rumpff AR: appèl afgewys en skuldigbevinding en vonnis word bevestig

[signature]
REGISTRAR, APPEAL COURT

Un. B. [illegible]

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

MARTHA SIBANYONI Appellant

teen

DIE STAAT Respondent

CORAM: RUMPFF, JANSEN, TROLLIP, A.RR.

VERHOOR: 8.9.1971. GELEWER: 17.9.1971.

---

## U I T S P R A A K

RUMPFF, A.R. :

Die appellante in hierdie saak is op Witbank deur 'n rondgaande Hof skuldig bevind aan strafbare manslag en gevonnis tot vyf jaar gevangenisstraf. Sy appelleer met verlof van die Verhoorregter teen haar skuldigbevinding.

Uit die feite van die saak blyk dit dat die oorledene dood is as gevolg van 'n steekwond in sy nek waardeur 'n slagaar afgesny is en wat tot in die linkerlong deurgedring het. Vóór die dood van die oorledene het daar 'n

liefdesverhouding/....

liefdesverhouding van 'n paar maande bestaan tussen die oorledene en die appellante. Op 'n Saterdagaand in Oktober 1970 het die appellante en die oorledene, terwyl altwee onder invloed van drank was, na die huis gegaan van die ouers van die oorledene in die lokasie van Witbank waar hy ook gewoon het. Uit die getuienis blyk dit dat toe beide by die huis kom die oorledene eers gaan praat het met 'n Bantoemeisie, Maria, wat in 'n kamer met 'n buitedeur geslaap het. Die oorledene het die kamer binnegegaan maar volgens Maria het appellante net by die deur bly staan. Appellante het 'n pienk hoed opgehad. Na 'n kort gesprek is appellante en die oorledene na die voorkant van die huis. Die vader en moeder van die oorledene het op daardie stadium reeds gaan slaap, elk in 'n ander kamer, maar hulle het nog nie geslaap nie. Die moeder het gehoor toe appellante en oorledene by die huis gekom het en met Maria gaan praat het. Die moeder het gehoor dat hulle daarna om die huis kom na die voordeur se kant toe en haar getuienis lui:

> „Toe hulle omkom het ek gehoor my seun sê vir haar, 'Kom ons gaan nou in die huis in'.

En/.....

En toe, wat sê sy? —— Toe wil sy nie inkom nie.
Ja? —— Toe hol sy weg, toe hardloop my seun agter haar."

Verder het sy gesê:

„Toe hy terugkom toe klop die oorledene aan die deur. Toe hy aan die deur klop toe sê ek ek sal oopmaak. Toe hol die Girlie weg, No. 1. (d.w.s. appellante).

Hoe weet jy sy het weggehardloop? —— Ek het gehoor sy het weggehol, toe hardloop my seun ook agterna. Toe ek oopmaak, toe ek agter om gaan, toe ek by die voorhek kom, toe ek oopmaak, toe ek agter hulle aanhardloop, toe kry ek my seun kom terug, vol bloed. Hy skree na my, 'Mamma, mamma', en die een het weggehol."

Sy verklaar verder dat sy by die agterdeur uitgegaan omdat die voordeur gesluit was en sy het op vrae soos volg geantwoord:

„En kan mens nou van die agterdeur af die voorkant van die huis sien? —— Ek het n entjie geloop toe kom ek op die hoek van die voorhuis.

En kon jy enigiets sien toe jy nou om die hoek kom? —— Ja, ek het gesien.

Wat sien jy? —— My seun het teruggehol en in die hek in, en sy het weggehol.

Toe jy nou jou seun die eerste keer sien, waar was hy gewees? —— Hy het by die hek ingehardloop."

Sy het ook verklaar dat sy gehoor het dat

appellante/....

appellante en oorledene weghardloop het en sy die lig aangesit en uit die huis gegaan het. Waarom sy gedink het dis nodig om uit te gaan is nooit opgeklaar nie.

Op vrae van die Verhoorregter het sy die volgende antwoorde gegee:

> „Was daar nie nog 'n ander persoon met haar saam nie? --- Ek het nie so duidelik gesien of was daar nog een nie.
>
> Is dit moontlik dat daar nog 'n persoon was? --- Ek weet nie.
>
> Jou man het gesê daar was nog 'n persoon saam met haar. --- Ek het mense in die straat gesien maar ek weet nie of was hulle saam met haar nie, want sy het so afgehardloop en die mense was ook weg 'n entjie van my af, ek kon nie sien....
>
> Maar jy kan nie sê dit was sy wat jou seun gesteek het nie? --- Ek het nie gesien wie het my seun gesteek nie.
>
> Dit mag van die ander mense gewees het? --- Ek het nie mense na aan my gesien nie."

Ook is daar in haar getuienis die volgende vraag van die Verhoorregter en haar antwoord:

> „Die ander mense wat jy nou daar in die straat gesien het, jy het hulle mos nou gesien, jy het gesien hoe loop hulle, hoe hulle beweeg. Het die ander mense enigiets te doene gehad met die beweging en die loop van jou seun en die beskuldigde, of was dit nou mense wat op hulle eie geloop het? --- Dit was mense wat op hulle eie geloop het, wat ek gesien het wat daar in die

straat geloop het.

Het hulle dieselfde rigting geloop as wat die beskuldigde toe gehardloop het, of on die teenoorgestelde rigting? --- Anders het af geloop en een het opgekom."

Hierdie vrae is aan die getuie gestel omdat die vader van die oorledene vóór die moeder getuienis afgelê het en verklaar het dat hy die oorledene hoor skree het buitekant: „Hulle maak my dood" (en die getuie het bevestig dat die meervoudsvorm „hulle" gebesig is), dat hy daarna uit die huis gegaan het en toe hy buitekant kom hy die oorledene op sy rug sien lê het op die perseel. Hy het ook die volgende gesê:

„Terselfdertyd toe ek die oorledene daar sien lê, het ek twee persone sien vlug van die perseel af. Die mense het gehardloop en hulle het verdwyn.

Was hulle buitekant jou perseel toe jy hulle opmerk? --- Hulle was reeds buitekant die perseel toe ek hulle sien vlug.

Het jy enige van hulle herken? --- Ja, ek het beskuldigde nou voor die Hof, en daar was die tweede persoon by haar, 'n manspersoon, so 'n lang manspersoon.

Het jy hom geken? --- Nee, ek het hom nie herken nie want hy het weggevlug met sy rug na my toe.

Nou jy sê jy het beskuldigde herken. Kan jy sê hoe was sy aangetrek gewees? --- Die beskuldigde en hierdie een manspersoon het weggevlug en by die oorledene het ek beskuldigde se hoed gevind."

Die/....

Die moeder het gesê dat sy die hoed in die hek opgetel het. Appellante is dieselfde aand deur die Polisie genader maar sy het ontken dat sy die aand ooit by die huis van die oorledene was. Dieselfde houding het sy in die hof ingeneem hoewel sy erken het dat sy gedurende die dag saam met die oorledene was. Dis duidelik dat haar getuienis dat sy nie saam met die oorledene die aand by oorledene se huis was nie, vals is.

Die probleem wat in hierdie saak ontstaan het, is klaarblyklik die teenwoordigheid van die lang manspersoon wat volgens die vader van die oorledene in dieselfde rigting of saam met die beskuldigde weggehardloop het kort nadat die oorledene gesteek is. Aangesien daar geen ooggetuie van die aanranding was nie, skep hierdie getuienis die moontlikheid dat daardie man die oorledene kon gesteek het, want indien daar 'n rusie tussen oorledene en appellante was, ontstaan die vraag waarom daardie persoon sou weggehardloop het. Daar is geen getuienis nie dat hy op die toneel was toe die oorledene die appellante in die huis wou neem. Dis dus redelik moontlik dat

hy/.....

hy toevallig op die toneel gekom het en die oorledene kon gesteek het terwyl oorledene agter appellante gehardloop het of terwyl hy miskien met haar gestoei het. Die Verhoorregter het in sy uitspraak nie met hierdie belangrike getuienis van die vader gehandel nie, hoewel hy klaarblyklik die vader as ʼn geloofwaardige getuie beskou het. Wat die getuienis van die moeder betref, het die Verhoorregter gesê:

> „..... ek het die indruk gekry dat haar getuienis waar is dat die ander mense wat daar was niks te make gehad het met die hardloping wat by haar voordeur begin het nie."

En ook verder aan:

> „Ek het reeds gesê die waarneming van die moeder dat die ander persone wat daar in die straat was niks te make gehad het met die doen en late en verhouding tussen hierdie twee persone nie, my beïndruk het as waar."

Na my mening was die getuienis van die vader oor hierdie lang man redelik duidelik en helder terwyl die getuienis van die moeder die indruk skep dat haar aandag meer toegespits was op haar seun as op mense wat weggehardloop het. Na my mening moes die Verhoorregter die getuienis van

die/.....

die vader wel deeglik in aanmerking geneem het by die vraag of die Staat bewys het dat die appellante die persoon ~~was~~ is wat die oorledene gesteek het. Die feit dat sy onware getuienis in die Hof afgelê het omtrent haar saamwees met die oorledene die aand is ongetwyfeld 'n faktor wat sterk teen haar moet tel maar in al die omstandighede van hierdie saak is ek nie van mening dat dit die hiaat in die Staat se saak oorbrug nie. Daar is getuienis dat die ouers van die oorledene nie van haar hou nie en dat sy in die verlede van die huis weggejaag is. Dis moontlik dat toe die lang man die oorledene gesteek het, sy al hardlopende nie bewus was van die erns van die steek nie en dat toe die Polisie haar dieselfde aand ondervra het en haar gewaarsku het dat sy vermoed word 'n moord te gepleeg het. - soos die getuienis van die speurder was - sy haar uit vrees volkome wou distansieer met die hele gebeure van die aand. Indien die lang man die oorledene sou gesteek het, is daar m.i. ook geen getuienis dat sy in enige opsig medepligtig was nie. Die enigste vereenselwiging met die man was om saam met hom in dieselfde rigting te hardloop en presies hoe naby hulle by mekaar was is ook nie bekend nie. Soos hierbo gestel, is dit redelik

moontlik dat sy nie van die erns van die steekwond bewus was nie en dat sy eenvoudig met haar oorspronklike plan om weg te hardloop voortgegaan het. Na my mening moes die Verhoorregter, met die oog op die getuienis van die vader, ŉ twyfel gehad het of appellante die steekwond toegedien het.

Die appèl slaag dus en die skuldigbevinding en vonnis word tersyde gestel.

RUMPFF, A.R.

JANSEN, A.R.
TROLLIP, A.R. } Stem saam.